BELANGRIKE REëLS I.V.M. SKOOLDRAG

Uiteensetting van skoodrag en bykomstighede

Somersdrag:

Dogters:	**Seuns:**
Kortmou Golfhemp	Kortmou Golfhemp
"Scooter skirt(Wrap)" of ¾ broek	Kortbroek

Kinders mag kaalvoet skool toe kom. **Slegs navy "crocks"** mag gedra word. **Geen plakkies of anderkleurige "crocks" mag gedra word nie.**

Liggaamsoefeninge en sport

Bogenoemde skooldrag word ook gedra tydens liggaamsoefeninge en mét tekkies vir sport. Dogters mag seuns-kortbroeke dra vir sport indien hulle dit verkies. Wit sokkies moet gedra word by somerskooldrag en sport!

Uitreike

Tydens uitreike gedurende die somer moet leerlinge somersdrag dra **mét wit** sokkies en tekkies of navy "crocks". Indien dit koel is, mag 'n sweetpakbaadjie of volledige sweetpak gedra word, geen "crocks" mag dan gedra word nie, slegs voorgeskrewe tekkies.

Wintersdrag:

Dogters:	**Seuns:**
Langmou of kortmou golfhemp	Langmou of kortmou golfhemp
Navyblou V-nek-, oopknoop- of moulose oortrektrui	Navyblou V-nek-, oopknoop- of moulose oortrektrui
Volledige Sweetpak (geen rekke in sweetpakbroeke)	Volledige Sweetpak (geen rekke in sweetpakbroeke)
Reënbaadjie wanneer nodig	Reënbaadjie wanneer nodig
Slegs donker vlootblou of rooi serpe	Slegs donker vlootblou of rooi serpe
Kort wit of navyblou sokkies wat bokant tekkie omslaan (Geen "wegsteek" sokkies)	Kort wit of navyblou sokkies (Geen "wegsteek" sokkies)
Tekkies: Wit met navyblou (slegs 'n titseltjie rooi word toegelaat)	Tekkies: Wit met navyblou (slegs 'n titseltjie rooi word toegelaat)
(Geen modetekkies en sokkies nie!)	**(Geen modetekkies en sokkies nie!)**

Haarbykomstighede vir dogters:

"Alice band", "Schrunchies, haarrekkies en rekkies met balletjies: Rooi, navy of wit
Haarknippies: Silwer, rooi of navy
Geen rekbare kopbande mag gedra word nie!

Oorringe/Grimering: Slegs goue of silwer studs of sleepers. Slegs een oorring per oor word toegelaat. **GEEN GRIMERING NIE!**

Seunshare: Hare mag nie aan hul ore of krae raak nie en die hare voor hul ore ("sidies") mag net tot middel van oor kom en nie tot by oorbel of langer nie

Spesifikasies

1. Alle klere moet asb. duidelik gemerk wees.

2. Somerskooldrag word gedra vir die duur van die eerste kwartaal.
   Vanaf die begin van die 2de kwartaal mag leerlinge somers- of wintersdrag dra tot aan die einde van April. **Vanaf 1 Mei** word slegs winterdrag gedra tot aan die einde van die derde kwartaal. Van die begin van die vierde kwartaal tot die einde van Oktober mag leerlinge weer somer- of winterdrag dra. **Vanaf 1 November** mag leerlinge slegs somersdrag dra.

   LET WEL:
   Gedurende die tye wanneer leerlinge somer- óf winterdrag mag dra, moet hulle streng volgens die een óf die ander aantrek. Wanneer winterdrag aangetrek word, **moet** sokkies en tekkies aangetrek word! Hulle mag nooit 'n langbroek of baadjie aantrek sonder tekkies nie!

3. Indien dit vir 'n leerling op 'n bepaalde dag onmoontlik is om by die skooldragreëls te hou, bv. weens 'n besering of ander onvermydelike omstandighede, moet ouers asb. 'n briefie stuur.